

ROEPING & RIGLYNE


TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 63 Nr. 2



September/Oktober 2015



Ons stryd vir die waarheid is die opoffering werd

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreekte 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

Matteus 7:7-11

SKRIFLIG

TOG IS HIERDIE LEWE 'N GAWE VAN GOD

En ook – dat elke mens eet en drink en die goeie geniet by al sy moeilike arbeid; dit is 'n gawe van God. – Pred. 3:13

Die veragting wat die gelowiges vir hierdie lewe koester, moet nogtans nie so wees dat dit haat teen hierdie lewe voed nie. Dit moet ook nie ondankbaarheid teenoor God wek nie. Al is hierdie lewe vol ellende, word dit tog tereg by die seëninge van God gereken. En dit mag nie gering geskat word nie.


As ons dan nie die weldaad van God daarin erken nie, staan ons reeds skuldig aan 'n nie geringe ondankbaarheid jeens God self. Veral vir die gelowiges moet dit 'n bewys van Goddelike guns wees – dit het tog geheel en al ten doel om hul saligheid te bevorder. Want voordat Hy die erfenis van die ewige saligheid openlik aan ons skenk, wil Hy deur mindere bewyse toon dat Hy ons Vader is. En dié bewyse is die goeie wat ons daagliks van Hom ontvang.

Waar hierdie lewe dus dien om ons God se goedheid te leer verstaan, sal ons dit dan minag asof dit nie 'n greintjie goeds bevat nie? Ons moet gevolglik hierdie besef en gesindheid koester, sodat ons dit tel onder die gawes van die Goddelike goedheid wat allermins gering geskat mag word.

Die getuïenisse van die Skrif is in dié verband volop en duidelik. Maar al sou hulle ook ontbreek

het, wek die natuur ons op om dank aan die Here te betuig. Want Hy het ons die lewe gegee; Hy gee ons die gebruik daarvan; Hy skenk ons die middele wat ons nodig het om dit te bewaar. En die rede hiervoor is nog baie belangriker: ons moet maar net daaraan dink dat ons – in sekere sin – in hierdie lewe voorberei word vir die heerlijkheid van die hemelse koninkryk.

Inst. III, 9, 3

Here, ons dink so min daaraan en prys U nie genoeg daarvoor nie, dat U ons die lewe, asem en alles gegee het. 

IN HIERDIE UITGAWE

Onderweg met Christelike opvoeding	3
Kongres 2016 (registreer)	5
Akademiese denkvryheid	6
Akademiese skryfskoling	10
Bybel as God se spreke	11
Bekendstelling: <i>In gesprek met die kerk</i>	13
Registrasievorm: Kongres	18
Forum vir Christelike onderwys	19
Geakkrediteerde mentorskap	20

Onderweg met Christelike opvoeding/onderwys in ons veelbewoë tyd

Hugo Hayes

Effek van die 1994-oorgang

Dit is 'n ope vraag of die polities-maatskaplike oorgang van 1994 Christelike opvoeding/onderwys vir Suid-Afrika ten goede of ten slegte gestrek het. Hiermee word nie op enige wyse gesuggereer dat die 1994-oorgang in bepaalde opsigte dalk tóg pro-Christelik sou wees nie; allermins. Die bykans 22 jaar sedertdien, spreek in alle waarskynlikheid tot die teendeel, gelet op hoe openbare onderwys gedurende hierdie tyd beleidmatig ontplooi het en sentralisties bestuur is. Van owerheidsweë gesien, was en is dit nie slegs 'n geval dat Christelike opvoeding geïntegreerd met die veeltal ander tipes in dieselfde hoofstroom tot 'n sekularistiese multi-konsepsie omvorm word nie. Onderliggend is daar ook die motief dat Christelike opvoeding effektief gerelativeer word, deur dit van religieuse en kulturele grondslae te ontkoppel.

Wat goed begryp moet word is dat die multi-benadering in weinige opsig nog enige tipies-gestempelde opvoeding verder sou kon bevoordeel (sedert 1994). Dit geld ten opsigte van enige van die ander, ook nie-christelike opvoedingsidees. Die uitdruklike bedoeling is dat tipies-gestempelde opvoeding moet plek maak vir geïntegreerde hoofstroom-onderwys, wat met die begrippe 'multi-' of 'divers' gekwalifiseer word. Daar sou dan wel verklaar kon word dat in so 'n bedeling die veelheid religieuse oortuigings, asook kulturele voorkeure, 'doeltreffend' geakkommodeer word, tot uitsluiting van geeneen en die opheffing van 'ongewenste' verskille. Daarom moet dit so inklusief

moontlik wees, is die argument wat ons verneem.

Evaluering van die ná-1994 tydperk

Wat die ná-94 openbare onderwys betref, kom ons met hierdie benadering nou reeds die afgelope twee dekades en is tans méér as tevore in 'n posisie dat dit krities geëvalueer kan word. Met reg kan gevra word tot welke mate enige spesifieke religieus-kulturele belange (nie-christelik ingesluit) daadwerklik bevorder kon word, uitgesonderd die polities-ideologiese belange van die staat. Dit klop immers met die ideologie van verstaatliking waarop die SA samelewing afgestem is onder die heersende politieke bewind. Die dilemma van die huidige onderwysbedeling vanuit Christelike oogpunt gesien, is dat deur gedwonge gelykstelling (nivellering) daar slegs een moontlike uitkoms gebied word, te wete sekularisering van die opvoeding.

Teen hierdie agtergrond, asook die toespitsing op die ontwikkelingsgang van Christelike opvoeding/onderwys, wil daar vervolgens vasgestel word hoe die posisie sedert kort vóór 1994 en nou, byna 22 jaar later daar uitsien. In bepaalde kringe het die oortuiging (met reg) bestaan dat ons vóór 1994 op pad sou wees om Christelike opvoeding/onderwys op 'n breër grondslag te verweselik. Daar bestaan goeie gronde daarvoor, aangesien heftige reaksie teen die ná-1994 beleidsvoorstelle gevolg het, wat (met goeie rede) as teenproduktief tot die Christelike onderwysideaal geïnterpreteer was/word. Die teenreaksie teen veragte gesekulariseerde onderwys was daarop bedag om die

nuwe onderwysbedeling wat indertyd geïmplementeer was te ontbloot vir die werklike religieuse dryfkragte en motiewe daaragter. Ongetwyfeld het dit daarop gedui dat die oortuiging destyds reeds bestaan het dat die nuwe onderwysbedeling nie daarop gerig sou wees om aan Christelike opvoeding/onderwys enige prominensie te verleen nie.

Die vóór-1994 vermoedens nou bevestig

Dit het tewens spoedig geblyk dat die nuwe onderwysbedeling by eerste evaluering en daarna, soos uit die implementering en deur voortgaande ondersoek vasgestel, hoe langer hoe meer die nie-christelike uitgangspunte bevestig het. Uit die verklaarde grondslae daarvan kon die afleiding moontlik nog gemaak word dat Christelike opvoeding/onderwys ten minste teoreties gesproke geduld sou word. Uit die praktykontplooïing egter, het die teendeel algaande duideliker na vore gekom, deurdat daar 'n tendens bestaan om die Christelike geloof op allerlei wyse aan te val en in diskrediet en onderverdenking te bring. Daar kan slegs maar gelet word op die aanslag wat toenemend in skoolhandboeke op die Christendom en die Afrikanergeskiedenis en kultuur gemaak word, asook die openlike antagonisme teen spesifieke godsdiens-onderwys. Die aard en inslag van die heersende openbare onderwysbedeling het dit in 'n ooglopend teengestelde posisie tot Christelike opvoeding te staan gebring. Dit is goed te begrype. Die onderskeie stelling grondslae, naamlik dié vir seku-

Vervolg op bl. 4

Vervolg van bl. 3

lêre openbare onderwys en dié vir Christelike privaatonderwys, komplimenteer mekaar in geen opsig nie, vanweë uiteenlopende uitgangspunte. Gevolglik sal die onderwyspraktyk ook nie veel anders daar uitsien nie.

Ywer in belang van Christelike onderwys gaan voort

Twee sake dien in hierdie verband vermeld te word. Die eerste is dat, wat die openbare onderwysbedeling betref, daar diegene in onderwysgeledere was en is wat, ongeag die opvoedkundige doelstrewes en motiewe van die onderwysowerhede, voortgegaan het om weë en middele te vind wat behoudend inwerk, met prysenswaardige pogings en resultate. Dit het en sal vir Christelike opvoeding veel beteken; dalk meer as wat gedink mag word, maar kan op die lange duur nie 'n blywende oplossing vir Christelike opvoeding daarstel nie. Nogtans; vir hierdie kaliber onderwyserkorps het ons slegs maar die grootste mate van waardering en dit is al by herhaling ook so in ons blad bevestig. Hulle verdien ons voortgaande ondersteuning en voorbidding.

Tweedens, die evaluering van doelgerigte en volgehoue pogings om vir Christelike privaatonderwys as alternatief voorsiening te maak. Histories en religieus gesien, weerspieël dit 'n volgehoue tendens onder die Christelike segment in Afrikanergeledere soos oor die afgelope eeue waarneembaar. Dit naamlik dat daar eerder vir Christelike privaatonderwys geywer sal word, as dat die sekulêre onderwys van die staat ondersteun word. Dit is nie 'n tendens wat eensklaps by die oorgang na 'n nuwe bedeling na vore kom en in sekere kringe as polities gemotiveer vertolk word nie. Reeds sover terug as die begin van die 19de eeu, bv., toe daar teenstand teen die sekulêre staatsonderwys van die indertydse Britse bewind-

hebbers ontstaan het, het behoudende ouers hulle tot Christelike privaatonderwys gewend (die bekende CNO).


Danksy die oortuigde strewes na en ywer vir Christelike opvoeding/onderwys en ondanks al die teenstand daarteen, is gedurende die na-1994 tydperk voortgegaan om Christelike privaatonderwys in SA gevestig te kry. Daaraan het verskillende instansies meegewerk, wat oorwegend uit kerklike geledere ontstaan, en die nodige doelstrukture tot stand gebring het. Dit het geskied téén die aanvanklike bedekte en later openlike opponering daarvan; ook vanuit sekere andersgesinde groeperinge binne kerklike geledere en selfs teen die breë publieke stroom in, wat transformasie weg van die Christelike voorstaan. Pleks van 'n geleidelike wegkwyning van die Christelike onderwysideaal in omstandighede soos hierdie en in die aangesig van oorweldigende openlike teenstand, het die aandrang desondanks al sterker toegeneem. Nieteenstaande alle faktore wat Christelike opvoeding en onderwys sedertdien bedreig en alle pogings wat die voortgang daarvan probeer ontmoedig, selfs teen te staan, kyk ons byna 22 jaar later na 'n scenario waar Christelike privaatonderwys in Suid-Afrika eenvoudig nie meer geïgnoreer of weggedink kan word nie.

Aanslag teen die Christendom meedoënloos, maar ...

Die onmiskenbaar georkestreerde aanslag teen die Christendom in SA moet nie onderskat word nie (Kyk ook bl. 9 in hierdie verband). Dit woed tans met felheid oor 'n veel breër front as slegs die terrein van die opvoeding en onderwys. Dit woed, ja ook binne die kerk, die huisgesin, die universiteit en op vele ander terreine. Hoe moet die volhardende pogings ter besteding van die Christendom in Suid-Afrika, en meer bepaald Christelike onderwys ten alle koste

in stand te hou en uit te bou, in hierdie uiters ongunstige omstandighede beoordeel word? Dit is nie aan enige besondere eer sover dit die draers van die Christelike geloof en belydenis aangaan, toe te skryf dat daar volhardend in belang van die bevordering van Christelike onderwys gewerk word nie. Hoe moet ons dit dan verklaar? Daar kan geen ander verklaring gevind word nie as net dit: dat in die Alwyse beskikkinge van God-drieëinig die Christelike geloof, belydenis en lewensbeskouing in Suid-Afrika brandende en lewend gehou word, in die aangesig van die oorweldigende teenstand. Dit is nie uitgesluit nie dat hierdie teenstand uiteindelik in vervolging kan oorgaan nie, soos wat reeds in die VSA gebeur. (Kyk ook die insiggewende artikel van prof. Danie Strauss elders in hierdie blad.)

Ons kan nou weer die vraag stel of die 1994-oorgang Christelike onderwys ten goede of ten slegte gestrek het. Indien gekyk word na waar daar tans met Christelike onderwys gestaan word, dan moet ons verklaar dat, alhoewel die oorheersende stroom teen Christelike onderwys was, dit nogtans ten goede daarvan uitgewerk het. Dan kyk ons terug en bevestig opnuut dat dit nie aan menslike pogings te danke is nie, maar aan God-drieëinig alleen, wat die verloop van omstandighede bepaal, en dit geld ook die onderwys. Daartoe maak Hy wel gebruik van gehoorsame Skrifgelowiges wat hulle roeping en verantwoordelikhede besef en verstaan en daaraan uitvoering gee.

In hierdie uitgawe sal u ondermeer ook kennis maak met die Forum vir Christelike onderwys in SA, wat as 'n uiters positiewe ontwikkeling van die afgelope jare gesien word. U sal ook besonderhede vind oor die beoogde kongres van die Forum wat vir DV 2016 beplan word. 

TEMA

Onderwys en opleiding in Suid-Afrika by
 die keerpunt: Onderzoek na haalbare
 praktiese alternatiewe soos deur die
 Christelike benadering voorgestel.



die forum vir
**CHRISTELIKE
 ONDERWYS**
 in suid-afrika

U word hartlik uitgenooi na 'n onderwyskongres
 aangebied deur die VCHO

DATUM: 3 en 4 Maart 2016

TYD: 8:00 – 14:00

PLEK: Aros, Dickensonlaan 1180, Waverley

PROGRAM DONDERDAG 3 MAART



PROGRAM VRYDAG 4 MAART

Registrasie. Koffie/Tee en ligte
 verversings

8:00

Opening

9:00

Christelike onderwys in Suid-Afrika
 ontwikkel die afgelope dekades
 onstuitbaar

9:30

'n Blik op heersende onderwys in
 Suid-Afrika met die klem op die
 Christelike alternatief

10:15

Teetyd

10:55

Christus ons enigste Leermeester:
 Christelike beginsels wat onder-
 wys/opleiding onderlê, t.w.v. ons
 praktiese bestaanswyse

11:15

Kenmerke van Christelike onder-
 wys en opleiding en die prakties
 implikasies daarvan

11:55

Bespreking

12:35

Middagete

13:00

Afsluiting

13:45

Registrasie. Koffie/Tee en ligte
 verversings

Opening

Toegerus en voorbereid:
 Christelike vorming met die
 oog op 'n post-Christelike en
 post-moderne lewenskonteks

Lewensoriëntering in 'n
 multi-religieuse samelewing:
 geleentheid of verleentheid

Teetyd

Die praktykmaking van
 privaatonderwys/-opleiding

Onderwyser akkreditasie-
 opleiding (word as 'n faset
 van die kongres aangebied)

Bespreking

Middagete

Afsluiting

REGISTRASIE

Vooraf registrasie by die
 volgende adres:
www.christelikeonderwys.co.za
 RSVP/registreer voor
 31 Januarie 2016

REGISTRASIEGELDE

R100 per dag p/p
 R250 per dag per instansie
 (vir elke 3 afgevaardigdes)

Die VCHO
 Standard Bank
 Tak: Brandwag
 Takkode: 5534
 Rekeningnr: 041276515

NAVRAE

Mev Saskia Meijer
info@christelikeonderwys.co.za
 Tel: 012 332 0336

Mnr Hugo Hayes
hugo@vcho.co.za
 Tel: 051 5252341



akademia



Die Afrikaanse Protestantse
 Akademie NPC

Die bedreiging van akademiese denkvryheid in die media

Prof. Danie Strauss

Die ervaring van Richard Milton

Hoewel prominente biologiese denkers wetenskaplikheid pretendeer, getuig die instelling van sommige neo-Darwiniste alles behalwe openheid tot wetenskaplike gesprekvoering. Richard Milton is 'n Engelse wetenskapsjoernalis wat altyd 'n vurige aanhanger van die Darwinisme was, totdat hy na twintig jaar se studie en skryf nie meer kon vrede maak met die die talle "lacunes" (gapings/gebreke) van die teorie nie. Hy het sy siening in 'n boek uiteengesit: *Shattering the Myth of Darwinism*.


Die reaksie op hierdie boek is veel-seggend. Van den Beukel haal Milton aan: "Ik werd voorwerp van de heksenjacht van de darwinistische politie. Door Richard Dawkins werd ik omschreven als 'geschift' en 'hard toe aan psychiatrische hulp'" (Van den Beukel, 2005:114).

Soos wat meestal gebeur is hy as 'n "creasionist" bestempel sonder dat inhoudelik op sy argumente ingegaan is. Tog het die *London Times Educational Supplement* Milton genooi om sy kritiek op die Darwinisme in 'n artikel uiteen te sit. 'n Week vantevore het die koerant aangekondig: "Next week: Darwinism. Richard Milton goes on the attack". Van den Beukel merk egter op: "In die week zag de heer Dawkins kans om, via zijn connecties met de *Times*, de publicatie van het artikel te verhinderen" (Van den Beukel,

2006:114). Hoewel die Westerse wetenskaplike "establishment" en die massamedia daarop roem dat dit sonder vooroordeel oop forums vir die publiek verteenwoordig, is daar volgens Milton nóg in Amerika nóg in Engeland "ooit 'n tv-programma uitgezonden waarin aandacht werd gegeven aan de zwakheden van het darwinisme" (Van den Beukel, 2006:114).

Kritiek op Darwin verbode in publieke Amerikaanse skole

Die huidige praktyk in die publieke skole van Amerika adem dieselfde gees. Die feitlike gegewens betreffende die onverdraagsaamheid waaroor dit hier gaan is in die werk van Jerry Bergman vervat, *Slaughter of the Dissidents*. Daarin verduidelik Kevin Wirth onder meer dat geen kritiek op een of meer fasette van die (neo-)Darwinisme in publieke skole toegelaat word nie. Wie skepties staan of verskil van die Darwinisme word slagoffers van "a form of scientific fascism" wat 'n bedreiging vir verskeie vryhede inhou, waaronder *vryheid van spraak*, *vryheid van denke*, *akademiese vryheid* en *geloofs-vryheid*. Dit gaan hier nie bloot oor enkele gevalle nie, maar oor 'n praktyk "[which] claimed many thousands of victims" (Bergman, 2008:22). Hierdie praktyk van intimidasie bestaan ten spyte van die feit dat daar in die VSA geen wet is wat 'n verbod op die aanbied van "evidence" (bewysstukke) teen die neo-Darwinisme plaas nie (Bergman, 2008:216).



Die verhaal van LeVake

'n Verteenwoordigende voorbeeld is die geval LeVake, 'n biologie-onderwyser, wat aan 'n kollega vertel het dat hy van die probleme wat hy met Darwin se teorie het, onder meer rakende Haeckel se embrio's, met sy skoliere wil bespreek.

Opmerking: Haeckel se embrio's

Embrionale ooreenkomste het Haeckel in 1868 tot sy biogenetiese wet gebring: elke individuele mens deurloop (van konsepsie tot volwassenheid) die (volwasse) fases wat die spesie stam-histories ondergaan het: "Ontogenese rekapituleer die Filogenese". So algemeen as wat dit aanvanklik aanvaar is, word dié "wet" tans as ongeldig beskou. Die menslike embrio is van meet af *menslik* en deurloop nie opeenvolgende fases waarin die mens suksessief eers 'n vis, dan 'n amfibie, dan 'n reptiel en dan 'n soogdier sou wees nie. Die aanspraak dat gewerwelde embrio's die meeste

Vervolg op bl. 7

Vervolg van bl. 6

ooreenkoms in hul vroegste fases vertoon, is ook foutief, aangesien die eerste vier fases oor die hoof gesien is, afgesien daarvan dat Haeckel twee visklasse weggelaat het en by twee klasse voorkeur gegee het aan "eksemplare" wat beter by sy skema gepas het. Haeckel se tydgenote, die embrioloog Wilhelm His (in 1874) en die anatoom Carl Semper (in 1875) het hom van *vervalsing* beskuldig. Haeckel het byvoorbeeld hipotetiese voorvaderlike mikro-organismes *beskryf* en *benoem* wat nêrens ooit gevind is (en nie bestaan) nie. Die embrioloog en Nobelpryswenner, Christiane Nüsslein-Volhard, stel gevolglik in 2003 in 'n gesprek met die Duitse weekblad *Die Zeit* tereg: "Ernst Haeckel het *vervals* (*gefälscht*) ["Ernst Haeckel hat gefälscht. Viele seiner Bilder von Organismen sind schlicht erfunden, um seine Theorie zu bestätigen" – "Wir Deutschen sind nicht moralisch höher stehend". In: *Die Zeit*, Nummer 22/2003.]. Talle van sy prentjies is bloot uitvindinge om sy teorie te bevestig. Haeckel het inderdaad "erken ... dat 'n klein deel van sy vele afbeelding van embryo's (miskien 6 of 8 persent) werklik ... 'gefälscht' [vervals] is"! As "verskoning" het Haeckel aangevoer dat by gebrek aan die nodige waarnemingsmateriaal hy die gapings *hipoteties* moes opvul. (Sien ook *Betrug und Fälschung in der Wissenschaft*. 2003 http://de.wikipedia.org/wiki/Betrug_und_F%C3%A4lschung_in_der_Wissenschaft) [besoek op 01-12-2014].

As gevolg hiervan is hy deur die skool-administrasie versoek om 'n artikel te skryf waarin hy sy stellingname verduidelik. Hy het die skoolhoof by herhaling verseker dat "he could and would teach the theory of evolution". Hy het ook gestel dat hy op grond van sy navorsing tot die gevolgtrekking gekom het dat "life's complexity and the fossil record do not support the theory of macroevolution or biochemical evolution" en dat hy in die bespreking van evolusie eerlik sal let op die probleme en inkonsekwensies van die teorie, sonder om sy klas

in 'n godsdienklas te verander (Bergman, 2008:207). Hy was die enigste biologie-onderwyser verbonde aan die Faribault openbare skool in Minnesota met 'n meestersgraad in biologie.

LeVake se opmerking dat hy nie die klas in 'n godsdienklas wil verander nie moet begryp word teen die agtergrond van 'n tipering van 'n resensent van Bergman se boek, Brian Thomas. In sy bespreking van Bergman se boek verwys Thomas na Bergman se opmerking dat "evolutionary elitists incorrectly lump all 'Darwin Doubters' into one group, 'creationists', who are then categorically ridiculed. Though highly qualified, these scientists and educators are verbally and physically threatened, lose privileges, lose opportunities for promotion, and lose jobs and whole careers, just for expressing some measure of doubt about the standard evolutionary story" (sien Thomas, 2014).

LeVake se oorplasing na Chemie is nie gegrond op wat hy aan skoolkinders geleer het nie, maar gerig op sy persoonlike geloofsoortuigings. In die hofsak wat gevolg het is daar nooit enige bewys gelewer dat hy *skepping* in sy klasse aan die leerlinge voorgehou het nie. Regter Bernard Borene van die *Rice Country District Court* het sonder 'n hofgeding beslis LeVake "has no constitutional right to teach his proposed criticism of evolutionary theory, though they may be scientifically meritorious" (Bergman, 2008:210)!

In die appêlsaak beslis die hof op 8 Mei 2001 dat "... the established curriculum and LeVake's responsibility as a public school teacher to teach evolution in the manner prescribed by the curriculum, overrides his First Amendment rights as a private citizen". Die hof stel selfs dat hierdie beslissing geensins sy vryheid

van spraak inperk deur hom te verhoed om kritiek op evolusie uit te spreek nie!

WEB-werf van "Darwin Doubters"

Sedert 2002 bestaan daar 'n WEB-Werf wat natuurwetenskaplikes wat probleme met die Darwinistiese teorie ondervind, die sogenaamde "Darwin Doubters", bloot uitnooi om die volgende stelling te onderteken:

We are skeptical of claims for the ability of random mutation and natural selection to account for the complexity of life. Careful examination of the evidence for Darwinian theory should be encouraged. [Tot en met 24 April 2014 het 963 natuurwetenskaplikes hierdie stelling onderteken (terwyl waarskynlik tienduizende dit nie kan waag om dit te doen nie). Ondertekenaars van die Scientific Dissent From Darwinism besit doktorsgrade in die biologiese wetenskappe, fisika, chemie, wiskunde, mediese wetenskappe, rekenaarwetenskap en verwante dissiplines, van instellings soos Oxford, Cambridge, Harvard, Dartmouth, Rutgers, Universiteit van Chicago, Stanford en die Universiteit van California te Berkeley. Talle is ook professore of navorsers by groot universiteite en navorsingsinstellings soos Cambridge, Princeton, MIT, UCLA, die Universiteit van Pennsylvania, die Universiteit van Georgia, Tulane, Moscow se Staatsuniversiteit, die Chitose Instituut vir wetenskap en tegnologie in Japan en die Ben-Gurion Universiteit in Israel. (Sien Bergman, 2008:8 en <http://www.discovery.org/scripts/viewDB/filesDB-download.php?id=660> – besoek op 24-08-2014).

Let terloops daarop dat sedert 1982 sewentien meningsopnames (steeds met dieselfde vraag – skepping of evolusie) in Amerika getoon het dat die aantal "kreationiste" tussen 40% en 47% bly fluktueer, terwyl die ortodokse (naturalistiese) Darwiniste tussen 9% en 19% varieer. (Die opnames laat egter nie ruimte vir ander

Vervolg op bl. 8

uiteenlopende biologiese standpunte nie.)

Bergman konkludeer tereg uit hierdie (en tallose soortgelyke) gebeure dat “Darwinism now has become state-supported orthodoxy. LeVake was branded guilty of ‘heresy’” (Bergman, 2008:214). ’n Berig het hieroor in die *World-NetDaily* (Dinsdag 25 Julie, 2000) het onder die volgende veelseggende opskrif verskyn: “Evolution Critic Censored. Teacher Punished for Pointing Out Flaws in Darwin’s Theory”.

’n Nuwe vorm van Christen- vervolging


Die rede waarom hierdie gegewens na vore gebring word is om daarop te wys dat die VSA tans gebuk gaan onder ’n nuwe vorm van Christen-vervolging waarin die samelewingsvryhede wat moeisaam oor millennia verwerf is opnuut bedreig word en wat dui op die voltooiing van die sirkelgang van geloofsvryheid in die Westerse beskawingsgeskiedenis (soos vermeld in die titel van hierdie artikel). Geloofsvryheid hang ten nouste saam met denkvryheid, akademiese vryheid en lewensbeskoulike vryheid. Die ondergraving van hierdie samelewingsvryhede bedreig inderdaad een van die hoekpilare van die Westerse demokratiese erfenis (verkieslik aan te dui as die *regstaatserfenis* van die Weste).

¹ In historiese perspektief gesien is die *regstaat* van die laaste twee eeue die vrug van die Protestantisme in Wes-Europa en die buitestigtings daarvan. Kuyper praat van die “calvinisme” wanneer hy op hierdie effek van die Protestantse Christendom wys in ’n geskrif uit die jaar 1874: “Het calvinisme: oorsprong en waarborg onzer constitutioneele vrijheden: een Nederlandsche gedachte” (sien Kuyper, 1874).

Soos in die kommunistiese staatskole van die twintigste eeu moet ’n biologie-onderwyser vandag in die VSA prakties eers sy ateïstiese naturalisme *bely* alvorens hy of sy toegelaat sal word om (kritieklose) biologie-onderwys te gee. ’n Onderwyser wat enigszins *twyfel* aan die waarheid van die Darwinisme word nie toegelaat om biologie in ’n “public school” te gee nie. Bergman vermeld byvoorbeeld die hofbeslissing in die Webster-saak waar die uitspraak “actually requires indoctrination of an anti-Christian viewpoint as the official state-approved educational approach, and ruled that deviations from this approach is illegal” (Bergman, 2008:184).

Die reg op meningsverskil

Kan die kurrikulum van enige vak vereis dat ’n onderwyser alles moet glo wat in die leerplan aangebied word? Wat van gevalle waar die geskiedenis van ’n dissipline uiteenlopende en selfs botsende (mekaarwederkerig-uitsluitende) standpunte herberg? Soos in elke vakwetenskap onderstreep die geskiedenis daarvan juis *standpuntverskille* (en dit sluit vakgebiede soos die wiskunde, fisika en die biologie in). Moet



daar nou van ’n onderwyser wat opponerende strominge in ’n vak bespreek verwag word dat hy of sy telkens eers ’n *aanhanger* moet word van die standpunt wat behandel word?

In ’n breëre konteks, waarin akademiese vryheid en geloofsvryheid eerbiedig word, kan die uitspraak van Evelyn Beatrice Hall vermeld word: “I disapprove of what you say, but I will defend to the death your right to say it” (aangehaal deur Bergman, 2008:20). Cindy Cain besef ook dat die stryd onder meer oor *spraakvryheid* gaan: “Even though I disagree with the philosophy [of evolution], I’d fight for your right to teach it” (aangehaal deur Bergman, 2008:177).

’n Soortgelyke regsinnige ingesteldheid word in die woorde van Ralph Boyd Junior (*Assistent Prokureur Generaal* vir siviele regte) gevind na afloop van ’n ondersoek deur die staatsdepartement: ’n biologie-student mag dit nodig vind om die teorie van evolusie te verstaan en te verduidelik, maar “a state-run university has no business telling students what they should or should not believe in” (Bergman, 2008:123).²

Darwinistiese ‘establishment’ vind teïstiese evolusie nog méér verwerplik as kreasianisme

Hoewel daar talle akademici (veral teoloë) is wat *teïstiese evolusie* voorstaan (deur te glo dat God “deur evolusie geskep

² Kelly Schakelford, agerend op die *Die Hoofraad* van die *Liberty Legal Institute*, skryf: “Students are being denied recommendations not because of their competence in understanding evolution, but solely because of their personal religious beliefs” (aangehaal deur Bergman, 2008:123).


het” of dat God evolusie ‘gerig’ (het), is dit opvallend dat die Darwinistiese ortodoksie selfs nog skerper teen hierdie oriëntasie reageer as teen sesdaagse kreasioniste: “theistic evolutionists are even more dangerous than those who accept six-day creation” – want dit kom daarop neer dat God in

die publieke skole ingesmokkel word (Bergman, 2008:157).

Literatuur waarna verwys is

BERGMAN, J. 2008. *Slaughter of the Dissidents*. Southworth WA: Leafcutter Press Publisher.
KUYPER, A. 1899. *Evolusie*. Rede bij de overdracht van het rectoraat aan de Vrije Universiteit, 20 Oktober. Herdruk in

Kuyper-Bibliografie, uitgegee deur J.C. Rullmann. Kampen: J.H. Kok.

VAN DEN BEUKEL, A. 2005. Darwinisme: wetenskap en/of ideologie? In: Dekker, C., Meester, R., & Van Woudenberg, R., *Schitterend Ongeluk of Sporen van Ontwerp?* Kampen: Ten Have (pp.101-116). 

Stopping the money assaulting our faith

Hierdie paragraaf geneem uit 'n e-posboodschap van 02-09-2015 deur Philip Rosenthal

We are currently facing the biggest assault on our faith and culture in South Africa's history. Every week, we hear of another lawsuit or abuse of power against freedom of religion and/or Christian values in law. With resources stretched, it becomes difficult to fight every one – and this plays a big role in who wins such lawsuits. This year, 2015 around three million rand has already been spent defending religious freedom against these attacks. If we didn't fight, we risk losing our right to speak against homosexuality and abortion, the right for parents to decide religious ethos and morals in schools, the right of healthworkers to conscientiously object to assisting with abortion. We would be unable to counter the flood of promotion of sexual perversion of children in schools, universities and the media. Our enemies seek a society where God is banned from public life and their own god of public sexual perversion is celebrated – and where human life is disposable.

Christelike opvoeding aktueel en relevant

Geneem uit: Voed hulle op, afd. A, hfst. A1 (ble. 22-27) deur prof. Pieter Stoker

Teenoor die verskillende nie-christelike opvoedingsmodelle, staan die Christelike opvoedingsbeskouing (wat in ons heersende tydsomstandighede maar weer deeglik in oënskou geneem moet word – Red.)

Onderwys is 'n onderdeel van opvoeding. *Opvoeding* is normatief bepaald, met heenwysing na die Bybel en na Christus. Wat God in die Bybel oor die mens en wat sy plek en taak in die wêreld is, gesê het, is van beslissende betekenis vir Christelike opvoeding. **Bybel en belydenis is daarom die basis en die norm van Christelike opvoeding en onderwys.** Deur die belydenis sien ons die Bybel as een geheel en word ons gewaarsku teen eensydighede en eiesinnigheid. Dit hou in dat Christelike opvoeding deur normontsluiting kinders moet lei tot hulle Skepper en tot gehoorsaamheid aan God se opdrag tot beheersing van sy skepping.

Waterink (*Theorie der opvoeding*, Kampen 1958:121) stel dat opvoeding sentreer om die toerusting van verbondskinders vir hulle lewenstaak, tot diens aan God en die naaste. Dit beteken dat die uiteindelijke doel van opvoeding die vorming van goed toegeruste en selfstandige volwassenes is, wat God volgens

sy Woord dien en wat bereid is om hulle gawes en talente tot Gods eer en tot diens in alle lewensverbande, waarin God hulle plaas, te bestee.

Die Christen leef nie vir homself nie. Sy lewe is as geroepene taakgerig, waarvoor hy weer aan God verantwoording veskuldig is. **Die woord “taak” impliseer 'n opdraggewer. 'n Lewenstaak behels dus veel meer as die beoefening van 'n beroep.** Elke mens bevind hom in verskeie lewensverbande. Benewens sy beroep, is elke Christgengelowige ook lid van 'n kerk, is hy veelal lid van 'n gesin, het hy 'n vriendekring, doen hy mee aan vryetydsbesteding, ensomeer. 'n Geroepene het daarom uiteenlopende lewenstake om te vervul. Die diens aan God en die naaste omvat die totale lewe van die mens. **Opvoeding moet daarom in sy totaliteit roepingsgerig en taakgerig wees**, sodat die kind vir hierdie totale lewe toegerus kan word. Hierdeur moet opvoed-

Vervolg op bl. 17

Akademiese skryfskoling

(Vir die lewering van gefundeerde, gehalte-bydraes tot geakkrediteerde akademiese tydskrifte)

Besluit van Hoofbestuur

Tydens die onlangse vergadering van die VCHO-hoofbestuur het daar, benewens mentorskap, ook 'n tweede saak onder bespreking gekom, naamlik die toerusting van voornemende outeurs. Dit betrek die navorsings- en redeneer- en skryfvaardighede van studente wat met nagraadse studie besig is, asook studente wat van voorneme is om gedurende hulle akademiese loopbaan tydskrifartikels te lewer. Hoë vereistes waaraan voldoen moet kan word, word vir geslaagde bydraes tot akademiese tydskrifte geverg. Daar is 'n bepaalde styl waaraan beantwoord moet word, soos deur akademiese tydskrifte vereis, maar daar word ook 'n hoë mate van taalvaardigheid benodig. Sommige studente sal 'n natuurlike aanleg vir skryfwerk toon, maar daar is ook diegene wat dit moet aanleer hoe om 'n artikel saam te stel.

Die uitdagings wat gestel word is (i) hoedat die navorsing konstruktief gedoen word, en (ii) hoe die nagevorste materiaal daarna suksesvol met die onderwerp of

tema wat behandel word, geïnkorporeer word. 'n Verdere belangrike aspek is tot watter mate die integrale lewensbeskouing wat die outeur(s) in die artikel wil laat deurskemer, teregkom. In 'n publikasie soos dié van die VCHO is dit uiteraard die Christelike lewensbeskouing. Bogemelde word alles onder die begrip "akademiese skryfskoling" tuisgebring.

Hoë vereistes vir publikasie gestel

Vir publisering in 'n filosofies-akademiese tydskrif, soos die *Tydskrif vir Christelike wetenskap*, geld dieselfde argument as vir enige ander hoë-gehalte akademiese tydskrif, waarvan daar talle in Suid-Afrika bestaan. Honderde artikels word jaarliks in verskillende tydskrifte gelewer, maar dit gaan gepaard met harde werk vooraf, alvorens 'n artikel vir publikasie geskik bevind word. Aangesien dit geakkrediteerde tydskrifte is waarin gepubliseer word, word geen artikel sondermeer aanvaar of as geskik vir publikasie beskou nie. 'n Proses van eweknie-evaluering word toegepas, waar van onafhanklike

keurders in die besondere veld van navorsing/studie gebruik gemaak word. Dit is ten opsigte hiervan dat skryfgeskoolde die groot verskil maak. Dit word bv. gevind dat heewat artikels die evaluering nie slaag nie, weens ontbreking aan een of meer van die gemelde kritiese vereistes.

Ons kan nou ook die mededeling doen dat daar wel die geleentheid bestaan dat voornemende outeurs op 'n jaarlikse basis opleiding in skryfkuns kan ontvang. Die Akademie vir Reformatoriese Onderwysstudie (AROS) in Pretoria beskik oor 'n pakket wat opleiding in skryfskoling bied. Enigeen wat sodanige opleiding wil ondergaan kan met AROS skakel. Daar is ook die verdere moontlikheid dat 'n groep die opleiding sou kon ondergaan. In sodanige geval moet die nodige reëlins insgelyks met AROS getref word, sodat die opleiding tydens een van hulle inhuisegeleenthede meegemaak kan word. In lg. geval moet die name van persone aan AROS deurgee, en verdere reëlins met hulle getref word.



AROS skakelpersoon vir skryfskoling: Dr. Wikus Buys

Tel. nr.: 012- 332 3227

AROS te Pretoria bied ondermeer na-uurse tersiêre opleiding aan werkende voornemende onderwysstudente wat hulself vir die junior primêre fase wil kwalifiseer. Dit is 'n vierjaarkursus, ten opsigte waarvan 'n volwaardige sertifikaat verwerf moet word.

Die Bybel as God se spreke met die mens

Emeritus-professor Fanie Riekert

(Deel 1 hiervan het in die Mei 2015-uitgawe verskyn)

2. Die Wonder van die Bybel in ons hand

Hier staan ons stil by die vrae: Wat is die Bybel? Waar kom dit vandaan? Wat weet ons van sy ontstaan? Wat is die drywende mag dat die Bybel (boeke) deur al die eeue bewaar en aan ons gebring is?

Die Openbaring is wyer as die Heilige Skrif of Woord-inspirasie

Die teks van Luk. 1:1-4, waarna toe ons nog baie sal terugkeer, gelees saam met Joh. 21:25 (vgl. Joh. 20:30) wat sê dat wat Jesus gesê en gedoen het, meer is as wat Johannes se boek en alle boeke van die wêreld sou kon bevat, gee duidelik weer dat die openbaring wyer is as die opskrifstelling en daarmee as die geopenbaarde Woord (en Heilige Skrif), sonder dat ons die openbaring aan die onderkant kan losmaak van die Bybel of Heilige Skrif, 2 Pet. 1:19-21 sê: "Gee ag op die profetiese Woord soos op 'n lamp wat in die christen skyn totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in u harte. Die heilige mense van God, het dit gespreek gedryf deur die Heilige Gees." Die deel van die openbaring wat God vir ons op skrif laat stel het, noem ons die Bybel. In die Bybel staan lank nie alles wat God van Homself en van sy werke tot die mense gespreek het nie (Joh. 21:25). In die Bybel staan die deel van God se openbaring wat vir alle tye bestem is. Dit het God beskik.

Verskil tussen die inspirasie en die verligting van die verstand

Die twee mag prinispeel nie op een lyn gestel word nie. Inspirasie is dat heilige (en selfs onheilige) mense van God deur die Heilige Gees gedryf word en die kinders van God word deur die Heilige Gees gelei (verlig) vgl. 2 Pet. 1:19-21 en Rom. 8:14.

Tog kan ons hulle nie skei nie. Inspirasie het drie grondstene:

(i) die alomteenwoordigheid van God, (ii) die beeld van God, selfs waar daar nog slegs reste van God by die onwedergeborenes was, en (iii) die verligting van die verstand.

God vind nie sy organe nie, maar Hy maak hulle bereid – met die feit dat die openbaringsorgane in die reël kinders van God was.

Tog/Nogtans moet ons suiwer onderskei

Die Bybelskrywers het deur die inspirasie die bron aangeboor en gegrawe. Hulle is deur die Heilige Gees gedryf. Paulus word deur die Heilige Gees gedryf as hy 'n brief skryf. Die inspirasie is die uitbring van die gedagtes van God in die bewussyn van die skrywers. As die geloof kragtig in ons is, glo ons sonder enige weifeling al wat in Gods heilige kanonieke Woord begrepe is. Wat is die grond van hierdie geloof? Alleen die Woord van God wat deur die Heilige Gees ingegee is.



As die put daar eenmaal is en die bron gegrawe is, dan moet die kinders Gods na die bron gelei word, sodat hulle die water van die lewe daaruit kan put. So word Calvyn deur die Heilige Gees gelei as hy 'n boek skryf. Sy verstand word verlig, sodat hy en ons die Skrif glo en uit die bron drink.

Organiese groei en organiese inspirasie

Die geloofsvooroordeel is dat God Hom bekend gemaak het in 'n Geskrif wat Hy met middele – eerder organe (mense) – geskryf het. Die verdere geloofsvooroordeel is dat God met mense vir baie eeue lank uit die blaai van die Bybelboeke praat (NGB art 3). Tog hoef ons nie daarvoor te redeneer nie dat die wêreld sedert die begin van die twintigste eeu 'n ongeken-

Vervolg op bl. 12

Vervolg van bl. 11

kentering ervaar het. Daarom kan ons vra: het die Bybel nog 'n boodskap vir ons? of het hierdie boek nog net verder verouder of onvanpas geword? Is dit verstaanbaar? en indien wel, wat is sy boodskap? Juis durf die kerk nie anders as vas te hou aan die feit dat die Bybel die grond van die geloof is nie.

Kyk ons na die Bybelgegewens vind ons daarin twee faktore: die goddelike inspirasie en die menslike organe wat albei werkzaam was in die totstandkoming van die Bybel as Woord van God soos wat ons in ons redding ondervind: God se arbeid wat my gewillig maak om my oor te gee en toe te wy. Artikel 3 van die NGB beklemtoon God se troue sorg vir ons en ons saligheid. Met die begin van die Hervorming was daar geen twyfel oor die "Goddelike ingewing of inspirasie" nie (Heyns, *Inleiding...* p.85) en moet aanvaar word as 'n vanselfsprekende veronderstelling in en met die NGB se "deur sy besondere sorg" en beskrywing van die Bybel as heilig en Goddelik, volgens Heyns 'n grondoortuiging van die hele Christelike Kerk van die vroegste tye af.

In Gereformeerde-Protestantse kringe word die organiese inspirasieteorie aanvaar as die beste uitdrukking van die Skrifgegewens met die altyd geldende voorwaarde dat ons nooit God en sy werke ten volle te verstaan nie. Heyns, p.87 pas hierdie voorwaarde op die inspirasieteorie toe: "Daarmee word hoegenaamd nie gesê dat wat die Heilige Gees gedoen het om die Bybelskrywers te lei ten einde Gods Woord onvervals en betroubaar op skrif te stel, ooit deur ons beperkte menslike verstand deurvors en rationeel deursigtig

geformuleer kan word nie. Die diepste misterie waarin hierdie werk van die Heilige Gees ingebed is, sal steeds eerbiedig en nooit weggeredeneer mag word nie."

Met die term organiese inspirasie wil 'n mens die nadruk daarop lê dat die Heilige Gees die Bybelskrywers nie as outomate of as u wil tikmasjiene wat vanself tik nie, maar as lewende, denkende, werkende organe in sy diens neem. Die term voer ook nie 'n sekere tweedeling of dualisme in nie. Die volledige erkenning van die goddelike en menslike faktore bedoel nie tog weer om 'n sekere samewerking te stel nie, waar die menslike faktor in 'n sekere sin verselfstandig word nie. Hier is ook nie 'n gelykwaardigheid tussen beide faktore nie. Die leiding berus geheel by die Heilige Gees. Ons kan sê die inisiatief is van die begin tot die einde by die Heilige Gees. Hy bly die eerste Outeur. Die drywing deur die Heilige Gees (2 Pet. 1:21) sluit die selfwerkzaamheid van die dienaars, die profete en apostels (soos die Skrif en NGB art 3 sê) nie uit nie. Daarom is ook uitgesluit die gedagte dat die Heilige Gees letterlik of woordeliks gedikteer het. Hy inspireer al die Bybelskrywers, maar Hy doen dit op sodanige wyse dat die mens as willende, denkende wese gehandhaaf word.

(a) Kyk jy so na die proses van die totstandkoming van die Bybel, moet ons sê, 100% mensewerk. Mense na hulle menslike omstandighede soos geboorte, opvoeding, natuurlike gawes soos taal-aanleg en literêre aanleg, herinnering, nadenke, ondersoek, lewenservaring, roeping (veral tot openbaring) ens. is in staat gestel om onder en by die skrywe selfbewustelik

gedagtes, woorde, taal en styl te gebruik.

Kom ons let eers op Luk. 1:1-4 hoe Lukas sê sy Evangeliebeskrywing tot stand gekom het. Hy het die gebeure waarvan hy gehoor het, ondersoek en dit dan in die regte orde gestel. Volgens Lukas se eie woorde het hy bronne gebruik of liever verwerk. Hy het sy eie stempel op die gegewens gedruk en nie alleen gekompileer wat hy versamel het nie. Die evangelis Lukas deel ons mee dat hy tot die besluit gekom het, nadat hy alles van vooraf nagegaan het om 'n verhaal op te stel oor die sake wat onder hulle beslag gekry het, soos dit oorgelewer is deur hulle wat van die begin af ooggetuies en dienare van die Woord was (Luk. 1:1-4). So het die ander evangeliste ook gedoen.

Let op bv. die volgende in die evangelies: Luk. 3:38 voer Jesus se geslagsregister terug tot Adam en God. Dit gaan om die Seunskap van die Vader en 'n seunskap van Adam. Matt. 1:1, 2 voer Jesus se geslagsregister terug tot Christus die Seun van Dawid en van Abraham. Mark. 1:1, sonder 'n geslagsregister, praat van Jesus as die Seun van God. So kom ons by die ander en tog die grootste faktor in die totstandkoming van die Bybel. Die verhale wat deur Lukas met liefde versamel, opgeneem en verwerk is, bring ons voor gegewens waarin een wat self deur God se Gees geraak is, uitgesproke stel dat hierdie Gees van God skeppend aan die werk was, die Gees wat ook sy lewe verander en nuut gemaak het op 'n wyse wat uit sy hele boek straal.

(b) Die proses van die totstandkoming van die Bybel is van hierdie hoek besien

Vervolg op bl. 14

Bekendstelling: *In gesprek met die kerk*

Dit word beweer dat die kerk tans 'n perfekte storm beleef. Die storm word deur 'n verskeidenheid van faktore veroorsaak, waarvan die invloed van die postmodernisme waarskynlik die grootste is. Dit wil voorkom of die kerk nie die perfekte storm goed hanteer nie. Enersyds staan die kerk in die tradisie van vaste geloofs- en kerklike tradisies. Andersyds is die suigkrag van die postmodernisme besig om die geloof, Skrifverstaan en kerklike praktyk soms geleidelik en soms drasties tot verandering te dryf.


Verandering en vernuwing is natuurlik nie sleg nie. Sommige kerkleiers regverdig die koers wat die kerk ingeslaan het, as sou dit deel van die kerk se roeping tot reformasie wees. Maar is verandering noodwendig goed? En kan dit altyd met reformasie in verband gebring word? Prof. Johan Janse van Rensburg tree in 'n reeks bondige opstelle met die kerk in gesprek. Dit is 'n eerlike en opregte poging om deel van die gesprek te wees. Met 'n lang bediening as predikant en teoloog het Johan sy lojaliteit en liefde vir Here en vir die Kerk bewys. 'n Gereformeerde kerk moet gedurig reformeer, terug na die Skrif.

Die pas-afgelope Algemene Sinode het weer 'n nuwe krisis vir die N.G. Kerk veroorsaak. Baie van die sake wat vir hierdie sinode geld, word in die boek behandel.

Die Inhoudsgawe is soos volg: Voorwoord; Skrifgebruik in

die gedrang; Skrifgebruik in die gedrang (ii); 'n Teologie van verwondering; Die eeu van relativisme; Fundamentalisme en godsdienstige verdraagsaamheid; Gereformeerde identiteit; Hoe geheg is ons aan die Heidelbergse Kategismus; Integriteit; Pastorale integriteit; Leerdwaling in die kerk; God aan die kant van die armes?; Tree God teenstrydig op?; Kerklike vergaderings en debatte; Sielkundige indoktrinasië; Jy en jou perfeksiënisme; Aanpas of uitsterf; In gesprek met die teologie; Is die huis van die Here uitgedien?; Eers ervaar, dan glo?; Om te protesteer; Hervormingsdag 2012; Homoseksualisme en die Skrif.

Bestellings kan geplaas word by Exclusive Books of by die skrywer: Johan van Rensburg jjvanr@yebo.co.za Maak dit asseblief so wyd as moontlik bekend.




Evolutionisme en geestelike hartsverstening

Evolutionistiese mensbeskouing

In sy werk *Christelike wetenskap en Christelike onderwys* (ble. 62 tot 68) gee prof HJ Strauss o.m. aandag aan die naturalisme as voorbeeld van die afvallige ontsporing van die wetenskap en die gevolglike evolutionistiese mensbeskouing. Die evolutionisme as wetenskaplike uitgangspunt is op die naturalisme geskoei, en dit lei tot 'n bepaalde nie-christelike mensbeskouing, waarvan kennis geneem moet word. Vanuit die Christelike lewensbeskouing gesien, is dit vir ons belangrik om te weet wat hierdie mensbeskouing behels en hoe dit die opvoeding van ons jongmense kan beïnvloed in die rigting van geestelike doodsheid (hartsverstening). Hy stel dit soos volg:

“Ons dink as voorbeeld aan die evolutionistiese mensbeskouing.

Getrou aan die naturalistiese tegniek van die humanisme, nl. die manier om die funksionele en strukturele binnegrense van die Goddelike skeppingsorde teoreties uit te wis en dan 'n eie “kosmos” (altyd chaos) daar te stel, herlei die evolutionisme die aard van die menslike persoonlikheid tot natuurwetmatige strukture van die subjektiewe natuurdinge – stof, plant en dier. Met die binnegrense afgebreek, begin die evolutionisme van voor af met 'n evolutionistiese rekonstruksieproses: uit die stof “groeï” die plante, en uit die plante groei die diere, en uit die diere groei die mense. 'n Evolutionistiese “groeïproses” omdat alles tot die biotiese groeïwette herlei is. Alles dy

al groeiend uit, want teoreties herberg die stof by voorbaat lewe, gevoel, denke, vorming, simboliese betekening (taal), sosiale omgang, ewewigtige besparing, skone harmonie, vergelding, liefde én geloof! In die stof is verder ook kant en klaar – by voorbaat – gegee die struktuurwette vir die plante, die diere, alles wat die diere bou, alles wat die mens bou, die menslike lewensvorme en natuurlik ook die “struktuurwette” vir die menslike persoonlikheid. Werklik 'n seën dat dit alles maar net “evolutionistiese teorie” is en dat die here evolutioniste nooit daarin kan slaag om die wette en die norme van God evolutionisties te verander nie. Dink aan die erbarmlike besigheid – 'n evolutionistiese hart van stof!” 

God se spreke Vervolg van bl. 12

100% God se werk. Die wonder is nie dat die Bybel uit die hemel geval het nie, maar dat die 100% mense-werk en 100% God se werk wat in die Bybel neerslag vind net 1 keer 100% is = een boek van God se Woord in mensetaal.

Heyns p.88 lê 'n paar beginsels neer. Eerstens, “soos wat God die mens geskep het, naamlik as 'n vrye, verantwoordelike wese met 'n eie persoonlikheid, gawes en vermoëns, so het God die mens ook gebruik in die proses van die opskrifstelling van die Woord”.

Hoe het God te werk gegaan? Die Heilige Gees het al die Bybelskrywers allereers voorberei op hulle taak. Hy het hierdie organe gedryf of aan hulle ingegee of anders gestel, hulle bewussyn as skrywers bevrug met die gedagtes, woorde, taal en styl wat die goddelike gedagtes op die beste wyse vir mense van allerlei rang en stand, van alle volke en eeue kon vertolk. Hierdie werk van die Heilige Gees het nie die self-werksaamheid van die skrywers uitgeskakel nie. Hulle het dikwels ondersoek ingestel voordat hulle begin skryf het. So het Hy hulle gebring om God se geopenbaarde Woord op skrif te stel – anders gesê, hulle in diens geneem om die boeke van die Bybel te skryf. Heyns gee dan 'n tweede beginsel wat met die eerste saamhang: “die Bybelskrywers is nie losgemaak uit hulle kulturele omgewing en uitgelig bo die kennisvlak van hulle tyd nie”.

Die derde beginsel lui: “ook die Bybelskrywers was sondige en dus feilbare wesens, maar die inspirasie van die Heilige Gees was 'n momentele gebeure in



hulle lewens wat hulle in staat gestel het om die geopenbaarde Woord van God betroubaar, dit wil sê in volle ooreenstemming met Gods bedoeling, op skrif te stel”. So is sondige feilbare mense gelei dat hulle God se geopenbaarde Woord feilloos opgeskryf het. In die Bybel staan feilloos wat God ons te sê het. Dit geld van alles wat in die Bybel staan met betrekking tot ons saligheid (2 Tim. 3:16). Dit is die groot geheim van die Bybel wat ons nie kan begryp nie, die groot wonder van die Bybel wat ons nie kan verklaar nie (2 Pet. 1:20, 21). Heb. 1:1 sê: “God het gespreek” en die profete sê: “So spreek die Here.” Matt. 1:22: “Die Here het gespreek deur die profete.” vgl. Hand. 3:21: Petrus sê: “God het gespreek deur die mond van die profete.”

Matt. 15:4; 22:43. Jesus sê: “God het gesê”; “die Heilige Gees het gesê”.

Die grond van ons geloof dat die Bybel God se Woord is, lê in die Bybel self. Ons glo dat die Bybel God se Woord is, omdat die Bybel dit self sê. Die organiese inspirasie, is dus die uitbring van God se gedagtes uit die bewussyn van mense wat die Heilige Gees daarin gelê het en onder die drywing van die Heilige Gees gekom het as 'n suiwere vertolking van die gedagtes van God. Dus die organiese inspirasie laat ons deur die geloof verstaan dat die Bybel die Woord van God is, sonder dat die Bybel uit die hemel moes neerdaal.

Die vierde beginsel volgens Heyns se formulering is: “die inspirasie van die Heilige Gees het nie net nuwe waarhede aan die Bybelskrywers meegedeel nie, maar het ook gegaan oor die dinge wat hulle vanself geweet het, uit waarneming en aanskouing vasgestel het en uit raadpleging van bronne te wete gekom het”. Die Heilige Gees het dus die openbaringsorgane só gebruik dat hulle ook self ondersoek en nagedink het oor wat hulle gespreek en geskryf het onder die wakende oog van God om nuttig te wees om ons te leer en te onderrig (2 Tim. 3:16).

God wil sy kinders gebruik, maar is groter as die instrumente/organe

Die openbaringsorgane was in die reël kinders van God. Hy soek nie sy organe nie, maar maak hulle bereid en gebruik hulle selfs teen hulle oortuiging of grein, bv. Jeremia. Nietemin, die leiding van die Gees was “binne die struktuur van die verhouding wat God met al die gelowiges opgerig het, naamlik die verbond” (Heyns p.88). God sê as Hy nie vantevore al gesê hoe die mens God moet dien nie en die mens en dit geld die meeste Bybelskrywers deur gehoorsaamheid daarop moes antwoord – ook deur die Gees gewerk nie alleen ten opsigte van hulle roeping as Bybelskrywers nie, maar ook van hulle lewe.

Tereg sê Heyns “wat hulle op skrif gestel het, was nie die neerslag van hulle eie religieuse ervarings en beskouinge nie, dit is deur Gods Gees aan hulle gegee”. Die Bybel is op so 'n wyse die produk van die groter gesprek waar God spreek (Woord) en die mens antwoord. Onder die leiding van die Gees het die Bybel as betroubare Woord tot ons gekom,

Vervolg op bl. 15

met die duidelike voorwaarde dat in die Bybel ook uitsprake opgeneem is van mense wat nie in geloof op God se Woord gereageer het nie. In Joh. 11:51 vind ons Kajafas se stelling: dit is beter as een mens sterf as die hele volk. Num. 23 en 24 bevat sewe orakelspreuke van Bileam en in een sing hy van iemand wat sal kom. Dit is duidelik dat God nie aan die vroomheid van die openbaringsinstrument gebonde was nie.

Die Bybel – sy eenheid en gesag vir die Kerk

Die Bybel omvat 66 geskrifte wat allerlei soorte van literatuur omvat: verhale, profesieë, spreuke, briewe, gedigte, psalms, gesange, apokaliptiese mededelings. Dit het ontstaan deur 'n tydsverloop van baie eeue en is geskrewe deur tientalle persone wat onderskeie was in maatskaplike posisies, ontwikkeling, aanleg en gawes. In elke geskrif kom die geheel eie van die skrywer na vore: sy afkoms, sy ontwikkeling, sy aanleg en gawes, sy eie taal en styl en gedagtegang en sy eie bedoeling. Altyd opnuut vervul dit ons met diep ontsag en eerbied as ons die wonder van God oordenk dat al hierdie geskrifte tog 'n eenheid vorm. Die Ou Testament gee getuigenis van Christus as boek van belofte en verwagting. Dit wil egter nie sê dat elke woord en elke feit daarin op Christus sien nie. Die verskeidenheid geskrifte het van die aanvang gesag in die gemeentes gehad waar hulle bekend geword het. Ons glo egter dat die Gees van die Here wat die Bybelboeke geïnspireer het, dit saamgevoeg het wat vir die kerk as kanoniek of gesaghebbend moes geld. Die menslike faktor is ook in die spel. Histories kan ons nagaan hoe die

kanonieke of gesaghebbende boeke met al die stryd en interpretasieverskille hulle plek in die Bybel opgeneem het. Hierdie boeke of geskrifte het van aanvang gesag onder die volk van die Here gehad, so beskik deur God as sy Woord. Wanneer ander geskrifte toe die lig gesien het, het die geloof daarin geslaag om te onderskei wat betroubaar oor God getuig het en wat nie. So het God sy Woord beskerm. Die Heilige Gees het gesorg dat die Kerk hulle uit die hand van die Here as God se Woord ontvang het met blye sekerheid.

Tog vorm die Bybel 'n eenheid. Die eintlike Outeur van die geskrifte van die Bybel is die Heilige Gees. Hy het al die persone gebruik om die boeke van die Bybel te skryf. Omdat die Heilige Gees die één Goddelike Outeur van die Bybel is, is die Bybel nie 'n versameling van los geskrifte wat geen verband met mekaar het nie, maar is die Bybel één geheel, is dit die een Woord van God. Daarom moet ons altyd elke deel verklaar in die lig en in sy verband met die geheel.

Die vorm waarin God ons sy openbaring in die Bybel gegee het

God gebruik ons menslike taal en begrippe om Hom aan ons te openbaar. Hy kon dit doen omdat Hy self die menslike taal en begrippe geskep het en aangelê het op die verstaan van sy openbaring. In die menslike taal en begrippe deel God ons die waarheid mee. Die Skrif leer ons die Here ken as die lewende God van die verbond, wat met sy volk meeleeft. Die Here verbly Hom oor sy volk, wanneer dit in sy weë gaan. Hy bedroef en vertoorn Hom oor sy volk wanneer dit Hom van Hom afkeer. Maar dit spreek vanself, dat God nie op menslike wyse, maar op goddelike wyse verbly en bedroef en vertoorn is nie.

Voortskrydende ontdekking in God se openbaring in die Woord

Tog het mense/gelowiges in ons tyd beter en juister ingesien as in vroeër dae dat God Self sy openbaring en haar opskrifstelling te midde van 'n konkrete geskiedenis, te midde van in 'n bepaalde tyd en kultuur gee het.

Daar is duidelike groei in die openbaring en daarmee ook 'n steeds verdere ontsluiting van die goddelike heilsplan in die Skrif. Dit vra ernstige studie van die Skrif om hierdie proses van voortgaande groei in die openbaring na te gaan. Die Nuwe Verbond het groter lig as die Ou Verbond. Dit is ons roeping om hierdie wonderlike weg van die Heilige Gees deur die eeue heen noukeurig by die lig van die Skrif self na te gaan. Dit is een moeitelose, maar tegelyk 'n vreugdevolle arbeid, veral in ons tyd, waarin soveel nuwe lig oor die Ou Boek opgegaan het. Daardeur sal steeds duidelik word dat die Heilige Gees organies gewerk het en dat die leiding geheel berus by die Gees van die Here wat in 'n eeulange geskiedenis sy Woord- en Daad-openbaring gegee het en deur sy inspirasie op skrif laat stel het. So het ons deur hierdie besondere sorg God se Heilige en Goddelike Skrifte ontvang, wat ons wys kan maak tot saligheid.

Organiese bewaring van die teks: tekskritiek ons roeping

Die Here maak verder van mense gebruik om die geopenbaarde Woord te bewaar en van geslag tot geslag oor te dra. Die teksgeskiedenis van die Bybelmanuskripte en van die antieke Bybelvertaling toon die gebruik van mense in die teksoorlewering en teksbewaring, asook die beson-

Vervolg op bl. 16

dere sorg van God om sy Heilige Skrif wat ons wys kan maak tot saligheid te laat oordra deur die geslagte en ook aan ons.

(1) Die tekskritiek is nodig

Tekskritiek, anders as Skrifkritiek, voer ons nie van die Skrif af weg nie, maar bring ons digter by die Skrif. Skrifkritiek laat ons die Skrif en die proses waardeur dit veral voor die boekdrukkuns oorgedra is, al beter ken.

Dit is die studie waardeur mense na die suiwer outentieke teks soek, omdat daar verskillende handskrifte is en hierdie handskrifte of manuskripte onderling verskil.

Ons het nie meer die handskrifte van die outeurs (apostels, profete ens.) wat met hulle eie hande self geskryf het of self gedikteer het nie, maar slegs afskrifte daarvan. Die Bybel wat ons het, is oorgeskryf en baie oorgeskryf. By die maak van afskrifte word dikwels allerlei foute, deur allerlei oorsake gemaak. In hierdie proses is dikwels gedikteer en daarby word die gedikteerde soms verkeerd verstaan, of verkeerd gehoor en die dikteerder verstaan soms verkeerd of lees verkeerd. As dit bloot oorskryf was, is daar selfs verkeerd gelees of verkeerd oorgeskryf. Dit het dikwels maklik gebeur want sommige letters van die Hebreeuse alfabet lyk baie naby mekaar. Verder het die aard van die skryfmateriaal wat gebruik moes word, die verskillende lastige letters en deur die wyse van skryf dit makliker gemaak. Alles is opmekaar geskryf sonder verdeling van woorde en sonder

leestekens. Ook is daar verskillende kantopmerkings by die oorskryf in die teks opgeneem. Onvermydelik het skryffoute ingesluip, en dit is juis die taak van die tekskritiek om hierdie foute te vind en te herstel.

Mense, studerende of navorsende mense, vergelyk die verskillende handskrifte met mekaar en beredeneer logies wat die beste lesing is in die hoop om so naby as moontlik aan die oorspronklike teks te kom. Daarom is die tekskritiek onontbeurlik.

(2) Die tekskritiek stel hom onder die Woord

Onsekerheid van die oordrag deur al die jare is daar egter slegs met betrekking tot ondergeskikte dinge. Die tekskritiek bring dan ook geen verandering in die wesenlike inhoud van die Skrif nie. Tog is dit van groot waarde, omdat dit gaan oor die inhoud van God se Woord, omdat alles in daardie Woord van betekenis is. Die tekskritiek stel hom nie bo nie, maar onder die Woord van die Here. Die gelowige tekskritiek gaan uit van die Goddelike gesag van die Woord. Dit moet godvrugtig beoefen word in heilige eerbied en heilige skugterheid wat 'n mens laat voel: ons het hier met die Woord van ons God te maak. Tekskritiek is dus geen kritiek op die inhoud van die Bybel nie, maar 'n studie van die handskrifte en 'n soeke na die juiste lesing.

(3) Die tekskritiek openbaar 'n liefde van God se Woord

Die regte motief vir tekskritiek is liefde vir die Skrif. Met die oog op 'n betroubare vertaling is dit van die grootste belang dat ons weet watter lesing kan ons beskou as die naaste aan die oorspronklike. Die tekskritiese variante tas in wese nie die

boodskap van God aan nie en niemand hoef daardeur bedreig te voel nie.

Ware Bybellesing/studie

Ware Bybellesing/studie identifiseer (1) 'n lewe volkome toegewy aan die skriftuurlike eis om nie te konformeer aan patrone van hierdie bedeling/eeu nie, maar om verander (hervorm) te word deur die vernuwing van ons bewustelike sodat ons in staat sal wees om te onderskei wat God wil vir ons lewe op aarde, en (2) 'n benadering te volg waardeur ons die Here ryklik kan dien; met (3) 'n geneigdheid om individueel en gesamentlik besig te wees om te bly hervorm na die eis van die Skrif (*ecclesia reformata semper reformanda est*).

Op hierdie wyse soek dit na die Blye Boodskap in terme van rigting eerder as slagspreuke, dit het eerbied vir navorsing as 'n verrykende faktor en nie as 'n voorvereiste nie; die boodskap van die Skrif (gedeelte) te bely, nie slegs apologeties nie; maar voluit verder as dogma en moraliteit. Dit doen reg aan die rykdom van die Bybel en laat die integrerende, dwingende, en verliggende krag homself uitwerk op die hele lewe in gemeenskap en die wêreld wat ook God se wêreld is.

Hierdie reformatiese benadering begin deur na die storie/gedig ens. te luister as naïewe leser wat sy/haar ore toespits vir die literêre aksente van die gedeelte wat jou kan lei tot die belangrikste punte van openbaring.

Bronne

Heyns, J.A.. 1988. *Inleiding tot die Dogmatiek*. NG Kerkboekhandel.



Christelike opvoeding

Vervolg van bl. 8

kundige handeling gerig en gestuur word. **Daarom is Christelike onderwys nie soos die humanisme leer, leerlinggerig nie maar vanuit die Woord van God roepingsgerig, taakgerig en normgerig.**

Toerusting het die betekenis van iets wat vir 'n bepaalde doel of vir optimale funksionering aan iemand verskaf word. **Deur 'n persoon toe te rus, kan hy beter aan 'n doel beantwoord en kan hy ten volle funksioneer.** Opvoedkundig beteken dit dat opvoeders verbondskinders help om hulle in diens aan God en die naaste vir 'n lewensbestemming te bekwaam. Ook hier blyk die drievoudige karakter van opvoeding as toerusting, nl. *die opvoeder* wat toerus, *die kind* wat toegerus word en dit wat in die toerusting gegee word, nl. *die inhoud* van die toerusting. Die doel daarvan om kinders toe te rus is dat hulle geskik en gemotiveerd sal wees om hulle toekomstige lewensstake uit te voer.

Christelike onderwys is daarom nie uitsluitlik kindgerig nie, maar doelgerig op die nakoming van lewensstake. Ontwikkeling (bekwaammaking) van 'n leerling is nie 'n doel in sigself nie. Christelike onderwys wil toerus tot 'n lewensstake. Deskundige en intensiewe aandag sal in 'n Christelike skool gegee word aan ontwikkelinge (bekwaammaking) van leerlinge met die oog op hierdie doel.

Om in die opvoeding rekening te hou met die eie moontlikhede van die totale leerling, moet nie gelyk gestel word aan humanistiese leerlinggerigte onderwys, wat van die selfontplooingsgedagte uitgaan nie. Hierdie gedagte gaan uit van die

selfontplooende outonome mens, wat van nature goed is en ontken die mag van die sonde, waarteen gestry moet word. **Christelike onderwys aanvaar die genade van God, die verlossing in Jesus Christus en die groei van die herbore mens na God toe.**

Die uitdaging vir Christelike onderwys

Ons leef in tye van verandering en transformasie. Die mens wil hom loswoel van die ankers van die verlede. Die lewe word deur die tegnologie en die skeppinge van die mens, waaronder die wetenskap, beheers en geïndividualiseer. Die tydgees, die moraal, die waardesisteem, die lewens- en wêreldbeskouing wat vandag in die wêreld heers, lei die gedagtes weg van die ware God af. Die geweldige invloed van onder andere die *Humanisme*, *Liberalisme*, *Evolusionisme*, *die New "Age"-beweging* en *Oosterse godsdienste* op die mensdom, getuig hiervan. Die staat beskerm nie meer die Christelike godsdiens of lewens- en wêreldbeskouing nie. In die nuwe RSA word ons geïndividualiseerde lewe beskerm deur die Akte van Menseregte, wat die basis van die nuwe Grondwet is. Hiervolgens moet groeipregte (nie volkskulture nie) voortspruit uit die regte van die individu. Ook opvoedkundige beginsels en patrone word deur hierdie impak meegevoer. **So word individualistiese selfverwesening vandag in die opvoeding van kinders nagestreef.** In skoolleerplanne kom dit voor dat die kind hom moet toespits op selfgating, selfontplooing, selfverwesening, en so aan, sodat die kind sy menswees binne groepsverband kan ontdek. Dit klink alles baie lofwaardig, maar **dit word gegrond op die geloof dat ons as mense die meesters van ons eie bestemming is.**

Christelike onderwys moet gewortel wees in die roeping om verbondskinders as diensknegte van God op te voed. Daarin moet ons jeug hulle selfverwesening vind, om daardeur tot volwasse gelowiges opgelei te word. Volwasse gelowiges is nie meer soos kinders maklik beïnvloedbaar nie; is "nie meer soos golwe wat op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie" (*Ef. 14:4*). Volwasse gelowiges beskik gaandeweg oor al meer insig wat deur ervaring geoefen is, om tussen goed en kwaad te onderskei. **So kom en bly 'n mens in die waarheid.**

Christelike onderwys

Met Christelike onderwys word bedoel 'n handeling, gebou op 'n gesindheid van die hart en verstand, wat gerig is op gehoorsaamheid aan God se geboie en die aanvaarding van God se gesag op alle lewenssterreine. Hierdie verbondenheid met God is in die hart van Christelike onderwys, net soos dit in ons daaglikse lewe in ons hart moet wees. **Dit vereis 'n ingesteldheid of houding (gesindheid) tot diensbaarheid, opregtheid, sorgsaamheid en werksaamheid.** Hierin bly die verhouding tussen God en mens primêr. Lewensstake (of roeping) voer die mens uit in bepaalde samelewingsverbande, tot diens aan God en sy naaste. Die mens moet dus 'n werkhouding aanleer om deur inspanning dit wat sy hand vind om te doen, met alle mag tot eer en verheerliking van God te doen.

Wanneer ons hart en verstand deur God se Woord aangegryp word, word ons hele menswees (persoon) en ons doen en late (ons handeling) daardeur gerig en bepaal. Ons aan-

Vervolg op bl. 18

Registrasievorm

Kongres: Forum vir Christelike Onderwys in Suid-Afrika, Maart 2016

Tema: Onderwys en opleiding in SA by die keerpunt: Ondersoek na haalbare praktiese alternatiewe soos deur die Christelike benadering voorgestel

Datum: 3 & 4 Maart 2016 te Pretoria, Aros, Dicksonlaan 1180, Waverley.

Registrasie:

Registreer by die volgende skakel www.christelikeonderwys.co.za of die onderstaande eposadresse. Hiermee registreer

.....1) as afgevaardigde(s)

van (vermeld instansie); of 2) as

belangstellende(s)[kies tussen 1) of 2)]

Koste teen R100 per dag per persoon, of R250 per dag vir elke drie afgevaardigdes: R (vul in).

Bewys van inbetaling en registrasie word ge-e-pos na:

saskiameijer@christelikeonderwys.co.za of hugo@vcho.co.za.

Registrasiegeld

Besonderhede van rekening waarin registrasiegeld vir die kongres van die Forum vir Christelike Onderwys in Suid-Afrika inbetaal moet word:

Naam van rekening:	Die VCHO
Bank:	Standard Bank
Tak:	Brandwag
Takkode:	5534
Rekeningnr:	041276515

Vervolg van bl. 17

skouing van die wêreld om ons, ons ervaring, ons gevoelens, ons redenasies en ons insig en vermoëns word deur sonde benewel. Slegs deur die bril van die Heilige Skrif, die instrument van God se Gees waardeur Hy persoonlik met ons spreek, kan ons die dinge in hulle werklike verband en in hulle begrensings sien. In God se lig sien ons die lig (Ps

36:10). Daarom aanvaar ons in die Christelike onderwys en opvoeding die Bybel as die Woord van God, waardeur God Hom openbaar en waardeur 'n lewe met God moontlik is. Die Bybel is dan ook bepalend vir ons lewens- en wêreldbeskouing. Om vrae soos: wie is ons, waarheen is ons op pad, wat is die sin van die bestaan van die wêreld en wat is die betekenis van geskiedenis? te beantwoord, moet ons die Bybelse openbaring in sy

geheel aanvaar. Die kerk gee deur sy belydenisskrifte rekenskap van sy geloof in die leringe van die Bybel. Die kerklike aanvaarding van sy geloofsbelydenisse, onder andere die Drie Formuliere van Eenheid, is rigtinggewend vir die norme van die lewe van sy lidmate, solank hulle die Woord verklaar.

(Word vervolg in die Des. 2015 uitgawe - Red.)



Forum vir en Kongres oor Christelike onderwys in Suid-Afrika

Besonderhede van die kongres waarvan in ons vorige uitgawe melding gemaak is, verskyn op bl. 5. Die kongres word deur die Forum vir Christelike Onderwys in SA aangebied, met die VCHO as een van die deelgenote.

Die oogmerke van die Forum is, soos die naam impliseer, om in die eerste plek as 'n forum vir gesprekvoering te dien, met die oog daarop om Christelike hoër onderwys te bevorder. Die VCHO se eie posisie daarteen opgeweeg is sodanig, dat waar hierdie saak deur die Forum gedien word en met inagneming van ons verklaarde missie en doelstellings, dit met dié van die Forum belyn kan word, sonder prysgawe van selfstandigheid. Die uitgesproke standpunt van ons (VCHO-) Hoofbestuur is dat projekgerigte samewerking met instansies wat hulle hiervoor beywer aangeemoedig behoort te word, steeds met behoud van selfstandigheid.

Die Forum wil verder ook deur die aanbieding hiervan illustreer dat samewerking in belang van Christelike onderwys in Suid-Afrika prakties haalbaar en doenbaar is. Uit die kongresinkleding sal ook opgemerk word dat daar van die begronding na die praktyk beweeg sal word, soos wat met die kongres gevorder sal word.

Tans bestaan die deelgenote van die Forum uit die volgende instansies:

Afrikaanse Protestantse Akademie
Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

Akademia

Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys

Instituut vir Christelike Onderwys

Soltech


VCHO

Die belang van Christelike hoër onderwys in SA is veel groter en strek veel wyer as wat deur 'n enkel-instelling nagestreef word. Deelgenootlike samewerking op bepaalde terreine maak in die omstandighede volkome sin, deurdat noodsaaklike, maar skaars bronne, kragte, logistiek ens. gesamentlik aangewend kan word en dit met veel groter stu- en trefkrag as op individuele basis, gedoen kan word. Verder is samewerking noodsaaklik, sodat die gemeenskaplike strewe van onderskeie instellings daardeur gedien kan word en wel op 'n veel groter skaal as met individuele loodspogings. Daar is verskeie sake waarvoor eenstemmigheid tussen die deelgenote bereik is en wat o.m. in die aanbieding van die kongres kulmineer. Terselfdertyd word ruimte vir die bevordering van individuele belange gehandhaaf, sodat terrein-oorskryding sover moontlik uitgeskakel word.

Die Forum se uitgesproke voorname is die bevordering van Christelik onderwys en opleiding. Die Forum wil dit vanuit die Bybelse gesag en leer as grondslag, soos in die drie *Formuliere van Eenheid* saamgevat, verwesenlik.

Die doelstellings wat met die aangekondigde kongres bereik wil word is soos volg:

- (i) die bevestiging van die bestaansreg van Christelike onderwys en opleiding in SA;
- (ii) om Christelike onderwys en opleiding binne die hoofstroom-onderwys in SA in te bring;
- (iii) breëre bewusmaking van die alternatief van Christelike onderwys en opleiding vir SA;
- (iv) versterking van die grondslag van samewerking in belang van Christelike onderwys en opleiding;
- (v) die vestiging van raakvlakke van samewerking in die Christelike onderwysomgewing;
- (vi) om die belang van Christelike tersiêre onderwys/opleiding vir die praktyk te ondersoek; en
- (vii) vas te stel hoe Christelike tersiêre onderwys/opleiding in die praktyk daar uitsien.

Lede en instansies van die Christelike onderwysgemeenskap wie se belange deur een of meer van die gemelde instansies gedien word, word gevolglik tot deelname aan die kongres opgeroep. Ons wil elkeen graag aanmoedig om die kongres deur u bywoning te ondersteun. Hoe meer gesprekvoering oor praktykgerigte Christelike onderwys, hoe beter mosies en voorstelle sal na verwagting tydens die kongres bespreek en aanvaar kan word, en hoe beter sal die saak van Christelike onderwys in SA uiteindelik gedien word. 

Geakkrediteerde mentorskap VCHO as skakelpunt

Begeleiding in Christelik-gereformeerde tersiêre onderwysstudie

Ons Hoofbestuur het o.m. tydens 'n jaarvergadering die saak van mentorskap aan universiteite uitvoerig bespreek. Die belang van geakkrediteerde mentorskap weeg swaar in ons hedendaagse akademiese klimaat, ten einde aan studente Skrifgetroue begeleiding te bied in die ontplooiing van hulle studie/navorsing op tersiêre vlak. Daar word veral aan nagraadse studie gedink. Die keuse i.v.m. mentorskap het van die grootste belang geword in die heersende tydsgewrig met sy vele strominge van denke aan universiteite.

Die VCHO het sy ontstaan juis daaraan te danke dat – in die kringe van behoudende denke in o.m. kerklike geleedere – daar reeds in 1949/50 sterk standpunt ingeneem is ten gunste van Christelike tersiêre onderwys. Die Hoofbestuur beskou dit so dat studente tydens hulle voorgraadse studie nie net aan die Christelike wetenskapsbeskouing blootgestel behoort te word nie, maar met die oog op hulle nagraadse studie, ook seker moet maak dat hulle by die regte

mentorskap uitkom. Die VCHO stel hom in hierdie verband, kragens die besluit van die Hoofbestuur, beskikbaar as 'n skakelpunt aan voornemende studente vir wie Christelike onderwys en wetenskap nog 'n sterk oorweging is en wat hulle studies in enige studierigting wil voortsit, ter wille van die verwerwing van nagraadse kwalifikasies.

VCHO as skakelpunt

Die VCHO bied gevolglik sy dienste aan as 'n skakelpunt aan voornemende studente wat hulle nagraadse studie wil doen, waar hulle van advies bedien sal word oor geskikte mentorskap. Die diens sal insluit dat 'n databasis van geakkrediteerde mentors wat aan onderskeie tersiêre instellings verbonde is, bygehou word, waaruit studente 'n keuse sal kan maak, ter wille van begeleiding in Christelik-gereformeerde opleiding en studie/navorsing. Sodanige studente sal ook die bykomende voordeel gebied word dat hulle met die bronne van die Christelik-gereformeerde tradisie in aan-

raking gebring word. Verskeie tersiêre en ander instellings in Suid-Afrika wat hulle vir Christelike onderwys beywer beskik oor sodanige bronne, maar studente is nie altyd daarvan bewus nie.

Dosente en lektore aan tersiêre instellings word terselfdertyd uitgenooi om met die VCHO te skakel, indien hulle hul besonderhede in die databasis vir geakkrediteerde mentorskap wil laat opneem. Ter inligting kan vermeld word dat, met die oog op die keuring van artikels vir ons geakkrediteerde aanlyn *Tydskrif vir Christelike wetenskap*, daar goedgunstiglik van die dienste van onafhanklike akademiese gebruik gemaak word wat óf in die gemelde tradisie staan, óf dit goedgesind is. (Inligting wat in ons geakkrediteerde databasis opgeneem is/word, word deurgaans vertroulik hanteer.)

Ons nooi derhalwe ouers en/of studente uit om met ons te skakel oor die saak van geskikte en toepaslike mentorskap, waartydens hulle van kundige advies voorsien sal word, sodat hulle hierdie uiters belangrike keuse ingelig en verantwoordelik sal kan neem.

Gebruik e-posadres: hugo@vcho.co.za of tel nr 051 525 2341.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk
(Pretoria), Ds R. Bain (Potchefstroom),
Prof I.H. Horn (Pretoria), Dr H.G. Stoker
(Potchefstroom), Dr A.L.A. Buys (Pre-
toria) en Mnr M. Diedericks, (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Prof J.A.E. Aden-
dorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes